Dinsdag **20 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 17:1-8**

**Fokusgedeelte: Johannes 17:6 (AFR2020)**

**Gelowige, omdat jy aan die Vader behoort, het Hy jou aan sy Seun gegee**

Drie keer sê Jesus in hierdie agt verse dat sy Vader mense aan Hom gegee het. Dié mense is die dissipels en die ander mense wat Hy deur sy dood en opstanding verlos het. Nadat Jesus vir Homself gebid het, bid Hy vir die dissipels en alle gelowiges.

Die Vader het hierdie mense aan Jesus gegee, omdat hulle eerste aan die Vader behoort. Voor die grondlegging van die wêreld het die Vader hulle vir Homself in Christus gekies (Ef. 1:4).

Dat ons gelowiges aan die Vader behoort en aan Jesus gegee is, hou vier praktiese gevolge vir ons in:

- Ons het geen rede om op onsself trots te wees nie. Ons kan maar net in die Here roem – God die Vader het ons uit loutere genade gekies en aan sy Seun gegee sodat Hy ons kan verlos.
- Omdat die Vader ons aan sy Seun gegee het, beteken dit dat ons vir Jesus kosbaar is. Die Heilige Gees verseker ons van ons waarde vir Christus in die prys wat Jesus vir jou betaal het.
- Dat ons aan die Vader behoort en Hy ons aan sy Seun gegee het, beteken dus dat ons nie aan onsself behoort nie. Vir ons is dit 'n groot troos om te weet en te vertrou dat ons in lewe en in sterwe met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort.
- Omdat die Vader ons aan Christus gegee het, het ons een doel: Ons wil die Vader en die Seun verheerlik. God verheerlik Homself deur mense soos ons te verlos. Ons verheerlik Hom deurdat ons heilig lewe en die vrug van die Gees vertoon. Ons verheerlik Jesus deur Hom in alles te vertrou en sy Naam en werk aan ander mense te verkondig.

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*